NUUSBRIEF 01/2015

28 September 2015

Niemand het niks nie!

Sewe jaar gelede het ek die geleentheid gekry om Torings van Hoop te plant in die ou Tweetoring Kerk in die Bloemfonteinse middestad. Van 'n tentatiewe begin met 'n daaglikse sopkombuis met slegs ekself as personeellid, het Torings van Hoop sedertdien ontwikkel in 'n lewenskragtige organisasie met verskeie programme, projekte en inisiatiewe met 'n personeelkorps van 18. Tog is ons steeds daagliks op 'n leerkurwe. Onlangs het ons dan juis bewus geword van die betekenis van die bekende uitdrukking, **niemand het niks nie.** Soos die bekende voorbeeld van die glas water illustreer, kan mens die glas as óf half leeg óf as half vol beskryf. Die eerste fokus op dit wat nie daar in is nie, en die tweede op wat daar wel in is.

By Torings van Hoop is ons besig om te leer om nie diégene wat kom hulp soek in die eerste plek as arm en hulpeloos te beskou nie, maar as mense wat ten spyte van hul behoeftes en probleme, steeds God-gegewe vermoëns het. Ons kry dit gereeld dat dié wat kom hulp soek, probeer om hul verantwoordelikheid vir hulself op ons af te skuif. En ongelukkig gebeur dit dat ons met tye in dié slaggat trap en hulle dit toelaat. Maar, soos ons groei in die Torings van Hoop visie, is ons besig om te ontdek dat **niemand niks het nie!** Elkeen, van die armste onder die armes, het bepaalde vermoëns, vaardighede en kennis. Ons uitdaging bly steeds om juis hierby in te skakel as 'n bron waaruit mense en gemeenskappe kan transformeer van kwesbaarheid na vaardigheid.

Daarom lê ons geweldig klem op bemagtiging en vaardigheidsontwikkeling in ons verskillende programme. By **Thessa New Beginnings** kry dames wat uit 'n agtergrond van armoede en ontbering kom nie net terapeutiese ondersteuning nie, maar kry hulle die geleentheid om nuwe vaardighede soos naaldwerk, masjienstikwerk, en selfs koffiehuis barista-wees te ontwikkel! Kom besoek ons gerus by ons koffiehuis by Thessa en kom proe ons spesialiteite soos chai tee (tuisgemaakte Indiese tee) en ons quiche. Jy kan dan ook 'n rol speel om die dames te help om 'n *nuwe begin* te maak deur van die produkte wat hulle vervaardig het, aan te koop. Eersdaags begin ons met ons eie nuwe Thessa klere-reeks! (Etniese kleurvolle langbroeke vervaardig van 100% katoen). Oorweeg ons ook waneer jy op soek is na gespesialiseerde korporatiewe geskenkies, of konferensie sakke. Ons doen ook borduurwerk, kussing-oortreksels, gordyne en algemene klere-herstelwerk.

Ons **Trots Skoon Bloemfontein (TSB) werkspanne** is aktief besig om Bloemfontein 'n skoner stad te maak. As 'n werksvoorbereidingsprogram, woon deelnemers 1x per week 'n lewensvaardigheidsklas by, en werk nie meer as 'n 3 uur skof per dag nie. Hierdeur word hulle voorberei om uiteindelik oor te beweeg na die formele arbeid-sektor in stede daarvan om hulself oor te gee aan 'n 'lewe op die straat'. Gedurende die laaste jaar het nie minder nie as 11 mans wat deur hierdie program gekom het, daarin geslaag

om 'n voltydse vaste werk te kry! Op die oomblik het ons 14 TSB spanne wat elkeen deur 'n bepaalde besigheid of donateur geborg word om weekliks 'n bepaalde deel van die stad skoon te maak. Baie onlangs is ons deur Lindsay-Saker ingekry om gereeld rondom die Ramblers area skoon te maak! 'n Ander span wat deur Imperial GM geïnisieer is, gebruik 'n kragtige waterspuit om Sondae oggende die onaanvaarbare en vieslike plakkate wat ons publieke spasies ontsier, te verwyder. Kontak ons gerus as jy sou belangstel om die dienste van een van ons spanne te bekom.

Een van die groot vreugdes by Torings van Hoop is die wyd uiteenlopende spektrum van **vennote, ondersteuners, donateurs en vrywilligers** wie elkeen op sy / haar eie manier ons nie net ondersteun nie, maar aktief saam met ons werk om 'n verskil te maak. Dankie! Baie dankie! Deur julle ondersteuning en bydraes maak julle dit vir ons moontlike om aan te gaan met hierdie uitdagende reis saam met hulle wat kom hulp soek. Bid asb saam met ons oor die volgende:

- ✞ Dank die Here vir sy voorsiening in al ons behoefte en vra Hom om ons geloof te versterk
- ✞ Bid vir die fisiese en geestelike beskerming van al Torings se personeel
- ✞ Bid vir Goddelike insig, wysheid en liefde teenoor diegene wat kom hulp soek
- ✞ Bid vir God se voorsiening van 'n verpleegsuster vir ons sopkombuis en uitreike
- ✞ Bid vir die Here se voorsiening van vrywilligers vir ons uitreike
- ✞ Bid dat ons sal weet wat God se hart is vir wat ons moet doen en dat ons Hom daarin sal volg

Enkele van ons basiese statistieke by ons daaglikse sopkombuis by Torings (Ma-Wo, Vr & So)

2015	Jan	Feb	Ma	Apr	Mei	Junie	Julie	Aug
Totale etes	1944	1396	1681	1611	1351	1536	1543	1385
Gem. etes	78	63	73	76	64	81	70	66

Aan God al die eer!

De la Harpe V le Roux